



---

*Woordeboek van die Afrikaanse Taal*

---

# Buro van die WAT

**Privaatheidsbeleid vir die verwerking van persoonlike inligting in terme van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013 (POPIA)**

## **Inhoud**

1.	Inleiding .....	2
2.	Aanwending.....	2
3.	Aanspreeklikheid .....	2
4.	Ooreenkoms aangegaan en toestemming om te verwerk.....	3
5.	Ontvangs, gebruik en deel van persoonlike inligting deur die Buro van die WAT .....	3
6.	Ontvang, gebruik en deel van die Buro van die WAT se persoonlike inligting.....	4
7.	Inligtingskwaliteit en deelname van die datasubjek .....	4
8.	Beveiliging van persoonlike data .....	4
9.	Derdeparty-inligting en inligting van minderjariges.....	5
10.	Datasubjek se regte .....	5
11.	Kontakbesonderhede .....	6
12.	Hersiening van die beleid .....	6

## **1. Inleiding**

- 1.1 Die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013 ("POPIA") gee uitvoering aan die grondwetlike reg op dataprivaatheid ingevolge artikel 14 van die Handves van Regte van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996.
- 1.2 Hierdie beleid gee 'n uiteensetting van die wyse waarop die Buro van die WAT (voortaan: WAT) persoonlike inligting in ooreenstemming met die vereistes van POPIA verkry, gebruik en bekendmaak.
- 1.3 Die verantwoordelike gebruik van die WAT se platforms, insluitend die WAT se webwerwe, mobiele programme, e-posse, sosialemediaplatforms, of enige ander tegnologiese meganisme wat u moontlik kan gebruik om met ons te kommunikeer, asook verwante hulpbronne ten opsigte van dataprivaatheid, is vir ons belangrik en ons is verbind tot die beskerming van u privaatheid en om te verseker dat u persoonlike inligting wat versamel word toepaslik gebruik word, asook wettig en deursigtig is.

## **2. Aanwending**

Hierdie privaatheidsbeleid is van toepassing op:

- 2.1 Alle gebruikers van die WAT se sagteware, toepassings, elektroniese platforms en fasiliteite (hetsy besit deur, ontwikkel deur, aangebied deur, en/of verkry deur die WAT).
- 2.2 Enige datasubjek wat toegang het tot en gebruik maak van die WAT se sagteware, toepassings, elektroniese platforms en fasiliteite, insluitend maar nie beperk tot die WAT se werknemers en personeel, verbruikers en kliënte, verkopers, kontrakteurs, diensverskaffers en/of ander derde partye nie.
- 2.3 Alle persoonlike inligting wat deur die WAT gestoor word en aan enige verantwoordelike partye en/of operateurs verskaf word as gevolg van sodanige persoon se toegang tot of gebruik van die WAT se sagteware, toepassings, elektroniese platforms en fasiliteite.

## **3. Aanspreeklikheid**

- 3.1 Die WAT neem die privaatheid en beskerming van die datasubjek se persoonlike inligting baie ernstig op en sal slegs datasubjekte se persoonlike inligting in ooreenstemming met POPIA en die bepalings van hierdie beleid verwerk.
- 3.2 Waar die WAT enige persoonlike inligting aan 'n verantwoordelike party of operateur verskaf, sal dit slegs gedoen word onder die voorwaarde dat sodanige verantwoordelike party of operateur sodanige persoonlike inligting wat hy/sy ontvang in ooreenstemming met POPIA en die bepalings van hierdie beleid verwerk.
- 3.3 Gevolglik sal die relevante dataprivaatheidsbeginsels met betrekking tot die verwerking van persoonlike inligting, hetsy van die WAT of 'n datasubjek, van toepassing wees op enige en alle persoonlike inligting wat deur die WAT aan 'n ander persoon of entiteit verskaf word of deur die WAT ontvang word as gevolg van die gebruik van die WAT se sagteware, toepassings, elektroniese platforms en fasiliteite.

#### **4. Ooreenkoms aangaan en toestemming om te verwerk**

Die datasubjek, deur sy/haar toegang tot of gebruik van die WAT se sagteware, toepassings, elektroniese platforms en fasiliteite (insluitend alle webwerwe, URL's, enige webwerwe wat onder die WAT domeinnaam en/of sosialemediaplatforms gehuisves word), en/of wanneer e-posse met behulp van die WAT se e-posadres gestuur of ontvang word:

- erken dat hy/sy hierdie beleid en die verwante bepalings gelees en verstaan het;
- stem in om verbind te wees tot hierdie privaatheidsbeleid;
- stem in om aan hierdie privaatheidsbeleid te voldoen; en
- gee toestemming aan die WAT vir die verwerking van persoonlike inligting vir die vereiste doel, in ooreenstemming met POPIA en die bepalings van hierdie beleid.

#### **5. Ontvangs, gebruik en deel van persoonlike inligting deur die Buro van die WAT**

5.1 Die WAT sal persoonlike inligting met betrekking tot 'n datasubjek ontvang in die normale verloop van sake ten opsigte van die gebruik van die WAT se sagteware, toepassings, elektroniese plafforms of fasiliteite, insluitend die webwerwe, by wyse van e-posse, per telefoon of via sosiale media.

5.2 Sodra persoonlike inligting ontvang is, sal die WAT die persoonlike inligting verwerk en vir 'n verskeidenheid sakeverwante doeleindes gebruik wat sal afhang van die omstandighede en wat, sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid daarvan, kan insluit:

- 5.2.1 Identifisering van die datasubjek en/of sy/haar besonderhede;
- 5.2.2 Verskaffing van inligting, produkte en/of dienste of besonderhede in verband daarmee;
- 5.2.3 Handelstoepassings en/of aankoopdoeleindes;
- 5.2.4 Die registrasie van die subjek as 'n diensverskaffer;
- 5.2.5 Indiensnemingsdoeleindes;
- 5.2.6 Die bestuur van inligting rakende die datasubjek;
- 5.2.7 Verdere verwerkings- of algemene administrasiedoeleindes;
- 5.2.8 Regs- of kontraktuele doeleindes;
- 5.2.9 Om WAT te help om die kwaliteit van ons sagteware, toepassings, elektroniese platforms, produkte en dienste te verbeter;
- 5.2.10 Die bestuur van debiteure en krediteure;
- 5.2.11 Navorsing en analitiese en/of statistiese doeleindes;
- 5.2.12 Uitvoering van analyses en kliëntprofilering;
- 5.2.13 Identifisering van ander WAT-produkte en/of dienste wat van belang kan wees vir datasubjekte; en
- 5.2.14 Die inlig van datasubjekte oor die WAT se produkte en dienste.

5.3 Om enige versoek of navraag korrek te hanteer, en om die funksies hierbo beskryf uit te voer, sal die WAT van tyd tot tyd 'n datasubjek se persoonlike inligting met die volgende partye deel:

- 5.3.1 Die WAT-werknemers, wat slegs op 'n moet-weet-grondslag gedoen sal word;
- 5.3.2 Die WAT-verskaffers, wat slegs op 'n moet-weet-grondslag gedoen sal word; en
- 5.3.3 Operateurs soos diensverskaffers en agente wat dienste namens die WAT verrig, wat slegs op 'n moet-weet-grondslag en ingevolge 'n operateursooreenkoms gedoen sal word.

5.4 Die WAT deel nie persoonlike inligting met enige derde partye wat nie hierbo beskryf is nie, tensy:

- 5.4.1 Ons wetlik verplig is om sulke inligting vir regs- of regulatoriese doeleindes aan 'n derde party te verskaf;
- 5.4.2 Daar van ons verwag word om dit vir die doeleindes van bestaande of toekomstige regstappe te doen; of
- 5.4.3 Die oordrag of deel van persoonlike inligting nodig is vir die beskerming van of ooreenkomstig die WAT se wettige belange, die belange van die datasubjek, of van 'n derde party.

5.5 Onder al die bogenoemde omstandighede sal die WAT redelike maatreëls tref om te verseker dat sodanige persoonlike inligting slegs aan die ontvanger verskaf word, op die voorwaarde dat sodanige ontvanger onderneem om die persoonlike inligting vertroulik en veilig te hou.

5.6 Waar die WAT die datasubjek se persoonlike inligting oor die Suid-Afrikaanse grense heen moet oordra, sal ons voordat ons dit doen, verseker dat die ontvangsparty instem om onder en ingevolge hierdie beleid deur POPIA gebind te word en 'n voldoende vlak van beskerming te bied vir die redelike en wettige verwerking van die persoonlike inligting.

## **6. Ontvang, gebruik en deel van die Buro van die WAT se persoonlike inligting**

In die normale verloop van sake, kan die WAT ons eie persoonlike inligting oordra via ons sagteware, toepassings, programme, elektroniese platforms, of by wyse van e-pos, telefoon of sosiale media. Die ontvangsparty mag sodanige persoonlike inligting slegs gebruik vir die doeleindes waarvoor dit oorgedra is en vir geen ander doel nie. Verder onderneem die ontvanger dat hy/sy/dit nie die persoonlike inligting wat vir enige ander doel oorgedra word, sal gebruik of sodanige inligting met enige ander sal party deel nie, behalwe met die uitdruklike skriftelike toestemming van die WAT.

## **7. Inligtingskwaliteit en deelname van die datasubjek**

7.1 Hoewel die WAT alle moontlike pogings sal aanwend om die integriteit en akkuraatheid van 'n datasubjek se persoonlike inligting te verseker, is dit nie te alle tye moontlik nie. Hierby aanvaar die datasubjek die verantwoordelikheid om sy/haar persoonlike inligting op datum te hou en onderneem hy/sy om die WAT in te lig rakende enige veranderinge aan sy/haar persoonlike inligting.

7.2 'n Datasubjek het die reg op toegang tot enige van sy/haar persoonlike inligting wat die WAT mag hê en, waar van toepassing, kan hy/sy die WAT vra om enige onakkuraathede ten opsigte van enige sodanige persoonlike inligting reg te stel. Enige toegangsversoek moet gedoen word by wyse van 'n formele proses volgens die WAT se PAIA-proses en kan versoek word deur ons te kontak.

## **8. Beveiliging van persoonlike data**

8.1 Ons neem alle redelike stappe om die WAT se sagteware, programme, toepassings, elektroniese platforms of fasiliteite, insluitend ons webwerwe, te alle tye veilig te hou. Die WAT kan egter nie die sekuriteit van enige inligting wat via die internet, e-pos of sosiale media aan die WAT verskaf word, waarborg nie. Die WAT kan nie aanspreeklik gehou word vir enige verlies of ongemagtigde gebruik of onderskepping van inligting wat via hierdie elektroniese platforms of webwerwe, wat buite ons redelike beheer is, oorgedra word nie.

- 8.2 Die WAT se webwerwe kan skakels na ander webwerwe buite die WAT se beheer bevat. Die WAT is nie verantwoordelik vir die inhoud, privaatheid of sekuriteit van ander of derde-partybeheerde webwerwe nie.
- 8.3 Die WAT maak gebruik van koekies wat met die datasubjek se elektroniese toestel(le) kommunikeer ten einde die WAT se sagteware, programme en ander elektroniese platforms te verbeter.
- 8.4 Die WAT kan ook gebruik maak van inproppe (“plugins”) van sosiale netwerke soos Facebook, YouTube, Instagram, LinkedIn, Google+ en Twitter. Let asseblief daarop dat die WAT geen invloed op of beheer het oor die omvang van die data wat deur sulke inproppe gespoor of teruggekry kan word nie en die WAT kan dienooreenkomstig nie verantwoordelik of aanspreeklik gehou word vir enige verwerking of gebruik van persoonlike inligting wat via hierdie inproppe oorgedra word nie. Vir meer inligting oor die doel en omvang van die dataherwinning deur die betrokke sosiale netwerk en oor die regte en instellings wat beskikbaar is om toegang te verkry tot die beskerming van u private inligting, verwys asseblief na die databeskerminingsinligting wat deur die betrokke sosiale netwerk verskaf word.
- 8.5 Onderhewig aan die bepalings hierbo, het die WAT die toepaslike tegniese en organisatoriese veiligheidsmaatreëls geïmplementeer wat nodig is om persoonlike inligting en verwante data teen ongemagtigde toegang, toevallige of opsetlike manipulasie, asook verlies of vernietiging te beskerm.

## **9. Derdeparty-inligting en inligting van minderjariges**

- 9.1 Indien ’n datasubjek persoonlike inligting namens ’n ander persoon aan die WAT voorsien, sal ons nie hierdie persoonlike inligting in ooreenstemming met die vereiste toestemming van die eienaar van die persoonlike inligting kan verwerk nie.
- 9.2 Indien ’n datasubjek onder die ouderdom van 18 jaar is, sal sodanige persoon se persoonlike inligting slegs verwerk word indien die minderjarige se ouer of wettige voog die vereiste toestemming gee vir die verwerking van die verskafte persoonlike inligting.

## **10. Datasubjek se regte**

- 10.1 Datasubjekte het die reg om ’n afskrif van hul persoonlike inligting gehou deur Die WAT te versoek. Om dit te doen, kontak ons en spesifiseer watter inligting u benodig. Let asseblief daarop dat enige sodanige toegangsversoek onderhewig kan wees aan prosedurele vereistes en betaling van ’n wetlik toelaatbare fooi.
- 10.2 Datasubjekte het ook die reg om te versoek dat die WAT enige van hulle persoonlike inligting wat in ooreenstemming met hierdie beleid verwerk is, regstel, vernietig of skrap. Dit sluit in persoonlike inligting wat verwerk is en wat onakkuraat, irrelevant, buitensporig, verouderd, onvolledig, of misleidend is, wat onwettig verkry is, of wat die WAT nie meer gemagtig is om hou nie.
- 10.3 Datasubjekte het die reg om te eniger tyd toestemming ten opsigte van hul persoonlike inligting terug te trek. Toestemming kan slegs deur ’n datasubjek teruggetrek word op die voorwaarde dat:
- 10.3.1 Die terugtrekking van toestemming beïnvloed nie die verwerking van persoonlike inligting voor die onttrekking van toestemming nie;

- 10.3.2 Die terugtrekking van toestemming beïnvloed nie die verwerking van persoonlike inligting wat 'n verpligting is wat deur die Wet opgelê word en deur die WAT nagekom word nie;
- 10.3.3 Die terugtrekking van toestemming beïnvloed nie die verwerking van persoonlike inligting waar sodanige verwerking nodig is vir die behoorlike uitvoering van 'n openbare wet en verpligtend is deur 'n openbare liggaam nie;
- 10.3.4 Die terugtrekking van toestemming beïnvloed nie die verwerking van persoonlike inligting soos nodig is om die uitvoering van 'n kontrak waarvan die datasubjek 'n party is, te finaliseer nie;
- 10.3.5 Die terugtrekking van toestemming beïnvloed nie die verwerking van persoonlike inligting soos benodig om die datasubjek se wettige belange, die WAT se eie wettige belange, of die wettige belange van 'n derde party aan wie die inligting verskaf word, te beskerm nie.

- 10.6 Datasubjekte het die reg om te eniger tyd op redelike gronde en met betrekking tot hul spesifieke situasie beswaar te maak teen die verwerking van hul persoonlike inligting, tensy die verwerking deur die Wet vereis word.
- 10.7 Datasubjekte kan beswaar maak indien die verwerking van hul persoonlike inligting nie nodig is vir die behoorlike uitvoering van 'n openbare regsplig deur 'n openbare liggaam nie; of indien die verwerking van hul persoonlike inligting nie nodig is om hul wettige belange, die WAT se wettige belange, of die wettige belange van 'n derde party waaraan die inligting verskaf word, na te streef nie.
- 10.8 Datasubjekte het die reg om 'n klag by die Inligtingsreguleerder in te dien rakende beweerde inmenging met betrekking tot die beskerming van persoonlike inligting wat in ooreenstemming met hierdie beleid verwerk word.

## **11. Kontakbesonderhede**

U kan die WAT kontak deur vir 'n e-pos te stuur na [wat@sun.ac.za](mailto:wat@sun.ac.za).

## **12. Hersiening van die beleid**

Die WAT behou die reg voor om hierdie privaatheidsbeleid van tyd tot tyd, op te dateer. Enige sodanige hersiening sal as 'n gewysigde weergawe op die WAT se webwerf gepubliseer word.